

## HOOFSTUK 4 - GEVOLGTREKKING

### 4.1 Interaktiewe kontak:

Die gegewens uit die eksegetiese ondersoek word in hierdie hoofstuk saamgevat en geïnterpreteer. Die hoofstuk dui aan hoe die interaktiewe kontak wat die woorde met mekaar het in die boek Hosea die betekenis van daardie verhoudingswoorde in die boek bepaal.

Die verhoudingswoorde ter sprake is **שוב**, **ידע**, **רחם**, **חסד**, **אמה**, **משפט**, **צדק**, **זנה**, **אהב**, sowel as verwante woorde wat in interaksie met die bogenoemde verhoudingswoorde na vore gekom het, naamlik **אפוף**, **בוש**, **עולם**, **בקש**, **פחד**, **נאף**, **בז**, **חל** [, **אפר**, **בז**], **אפוף**, **רמק**, **אפוף**, **אפוף** en **קדוש**. Hieruit kristaliseer drie kern verhoudingswoorde gebruik word: *erkenning van Jahwe se sorg* (**ידע**), *liefde tot Jahwe as lewensoriëntasie* (**אהב**) en *lewe voor sy aangesig* (**חיה לפני**). Die inhoud van hierdie woorde word nie net bepaal deur hulle direkte onderlinge verhouding in die boek nie, maar ook deur die konstellasie van begrippe wat hierin 'n ondersteunende rol speel (vgl Figure 1-6 hieronder).

In **Hosea 2:4-25 [2:1-22]**<sup>463</sup> is die volgende interrassionele woorde met die volgende nuanses aangedui:

<sup>463</sup> Vgl Hoofstuk 3.1 hierbo en Figuur 1 hieronder.



**רחם**: ontferm; barmhartig wees (v6, 21)

**זנה**: promiskieus (v 4, 6, 7)

**צדק**: bedagsaamheid (v21)

**משפט**: regverdigheid (v21)

**חסד**: genade (v21)


**אמונה**: verbondslojaliteit (v21)

**שוב**: terugkeer (v9, 11)

**שכח**: misken (vergeet) [v15]

**ידע**: erkenning (v10, 22)

Vanuit die ondersoek na die relasies (vgl 3.1.9 by Hoofstuk 3.1 hierbo asook Figuur 1 hieronder), is **וידע אתיהוה** (dat Israel Jahwe erkenning gee) aangedui as die resultaat van die nuwe verbintenis tussen Jahwe en sy volk. In terme van die huweliksteminologie is **ידע** (erkenning van Jahwe) die hoogtepunt van die huweliksluiting (vgl Ekskursus 3 by Hoofstuk 3.1 hierbo). Die konstellasië van terme rondom **ידע** is ook by Figuur 6 hieronder aangedui. Vanuit die ondersoek na ander eenhede in die boek Hosea word dan gedeelde betekenisvelde aangedui.



In **Hosea 3:1-5**<sup>464</sup> is die volgende interrassionele woorde met die volgende nuanses aangedui:

**אהב** (wederliefde / wedersydse oriëntasie)


**שוב** (bekering / terugkeer / om jou oriëntasie te verander)

**בקש** (soek)

**פחד** (met eerbied benader)

<sup>464</sup> Vgl Hoofstuk 3.2 hierbo en Figuur 2 hieronder.

Die ondersoekte terme **אהב** (wederliefde / wedersydse oriëntasie; en **שוב** (bekering / terugkeer / om jou oriëntasie te verander) het beide die nuanse vanuit hulle verwante gebruiksmodus by Hosea 3:1-5 dat dit 'n verlangde oriëntasie tov Jahwe inhou. Ander verwante terme wat die woorde se betekenis beïnvloed, naamlik **בקש** (soek) en **פחד** (met eerbied benader), is ook ondersoek. Laasgenoemde woorde is 'n voorts kryding op **שוב** (bekering / terugkeer / om jou oriëntasie te verander) wat weer op **אהב** (wederliefde / wedersydse oriëntasie) uitloop. Die verwantskap tussen hierdie verhoudingsterme beïnvloed dus hulle betekenisnuanse soos wat Figuur 2 hieronder aandui:



In **Hosea 4:1-5:7**<sup>465</sup> is die volgende interrasionele woorde met die volgende nuanses aangedui:

זנה (hoerery / prostitutie / *miskenning van Jahwe*)

נאף (owerspel)

רוח זנונים (gees van promiskuïteit)

ידע (erkenning)


אמת (verbondsliefde)

חסד (betroubaarheid)

Dit is uit die analise duidelik dat זנה (hoerery / prostitutie / *miskenning van Jahwe*) en נאף (owerspel) wat aangevuur word deur רוח זנונים (gees van promiskuïteit), as teenpool gebruik word van ידע (erkenning *van Jahwe se sorg*). Die betekenis van ידע is weer verryk deur die parallelle אמת (verbondsliefde) en חסד (betroubaarheid). Die verwantskap tussen hierdie verhoudingsterme beïnvloed dus hulle betekenisnuanse soos wat Figuur 3 hieronder aandui:

---

<sup>465</sup> Vgl Hoofstuk 3.3 hierbo en Figuur 3 hieronder.



In **Hosea 6:1-6**<sup>466</sup> is die volgende interrasonale en verwante woorde met die volgende nuanses aangedui:

שוב (terugkeer)

חסד (liefde / lojaliteit)

ידע (erkenning)

ונחיה לפני (sodat ons voor sy aangesig kan lewe)

אפר (genees)

יבד (verbind)


אפר (genees)

יבד (verbind)

<sup>466</sup> Vgl Hoofstuk 3.4 hierbo en Figuur 4 hieronder.

f p v m (oordeel)

Figuur 4 herinner sterk aan Figuur 2 by Hosea 3:1-5<sup>467</sup> waar **שוב** uitloop op **אהב**. Hier by 6:1-6 loop **שוב** uit op **חיה לפני** (lewe voor Jahwe se aangesig). Dit plaas **אהב** en **חיה לפני** as kern verhoudingswoorde binne dieselfde semantiese veld:<sup>468</sup>



In **Hosea 11:1-11**<sup>469</sup> is die volgende interrasionele en verwante woorde met die volgende nuanses aangedui:

bha (liefde)

[dy (erken)

באח (bekeer / terugkeer)

<sup>467</sup> Vgl Hoofstuk 3.2 hierbo.

<sup>468</sup> Vgl Figuur 6 hieronder.


<sup>469</sup> Vgl Hoofstuk 3.5 hierbo en Figuur 5 hieronder.

drj (hulle sal sidderend aankom)

arq (roep)

קדוש (heilig / goddelik)

Figuur 5 dui aan dat Jahwe se bha (liefde) – met al die gekwalifiseerde nuanses vanweë die verwante woorde, roep om terugkeer en erkenning van sy sorg.<sup>470</sup> Daar is 'n ook 'n wisselwerking aan te dui tussen bwh en bha. Hier by 11:1-11 (Figuur 5) lei bha tot bwh, waar bwh by 3:1-5 (Figuur 2) lei tot bha:



<sup>470</sup> Vgl Figuur 2 en Opsomming by Hoofstuk 3.2 hierbo.



Bogenoemde interaktiewe kontak tussen die gemelde verhoudingswoorde word funksioneel uitgespeel binne die verbonds- / huweliksrelasie tussen Jahwe en Israel:

## 4.2 Die huweliksgeskenke / huweliksbeloftes van Jahwe aan Israel (מִהָרָ):

### 4.2.1 Die huweliksmetafoor as *vehicle* vir die verbondsrelasie

Hosea 1:2 dien as inleiding tot die huweliksgeskiedenis van die profeet én tot die hele Hoseaboek.<sup>471</sup> Daarin kry die profeet die opdrag om met 'n *hoervrou* te trou as metafoor vir Israel se ontrouheid teenoor Jahwe. Die huwelik met 'n אִשָּׁת זְנוּנִים (promiskieuse vrou) moet as 'n *simboliese optrede* verstaan word. Die simboliek het saam met die profetiese boodskap gegroei en sou nie by die huweliksluiting reeds só verstaanbaar gewees het nie. Die simboliek dui daarop dat Israel Jahwe nie eksklusief vereer het nie, en is 'n *challenge* aan die manlike regerende hierargie deur hulle kollektief uit te beeld in die grafiese beeld van 'n promiskieuse vrou.<sup>472</sup>

Die opdrag in Hosea 1:2 dat die profeet met 'n אִשָּׁת זְנוּנִים moet trou, is eers verstaanbaar teen die lig van die redegewende frase wat daarop volg:

---

<sup>471</sup> Vgl Boshoff 1994, 89.

<sup>472</sup> Vgl Ekskursus 1 by Hoofstuk 3.1 hierbo.

כִּי־זָנָה תִּזְנֶה הָאָרֶץ מֵאַחֲרַי יְהוָה (want die land hoereer inderdaad van Jahwe af weg). So staan die huweliksoopdrag teen die agtergrond van die Israeliete se godsdienstbeoefening. Die verhoudingswoorde soos זָנָה en אִפּוֹף wat gebruik word om huweliksontrou te beskryf, is dus direkte metafore vir verbondsontrou in die verhouding van Israel teenoor Jahwe.

Die opeenhoping van verhoudingswoorde in Hosea 2:20-22, dui die verwagting aan wat Jahwe het van Israel se verbondsrelasie teenoor Hom.<sup>473</sup> Dit is juis die interaksie van hierdie verhoudingswoorde binne die kader van die huwelikssverhouding, wat deur hulle saamgroeperings en newestellings 'n bepaalde betekenis konteks na vore bring.<sup>474</sup> Die verhouding word juis as huweliksmetafoor uitgedruk in 2:4,18 deur gebruik te maak van terme soos אָדָם (man) en אִשָּׁה (vrou) uit die betekenisveld van die huwelik en "voorsiening van lewensmiddele" (2:10).

#### 4.2.2 Israel se ontrouheid as verloopte liefde.

Israel is 'n אִשָּׁה זָנוּנִים [hoervrou](1:2). Die klag teen hulle is: כִּי־זָנָה תִּזְנֶה הָאָרֶץ מֵאַחֲרַי יְהוָה (want die land hoereer inderdaad van Jahwe af weg). Hulle doen dit deur van die

---

<sup>473</sup> Vgl Figuur 1 hierbo.

<sup>474</sup> Vgl ook Figure 2-5.

Baal(s) hulle minnaar(s) te maak – diegene aan wie hulle hulle versorging toeskryf.<sup>475</sup>

Die godsdienstbeoefening is gekritiseer deur gebruik te maak van kras woorde en begrippe soos אַפֹּר (owerspel), en זָנָה (promiskuïteit). Dit dui ook op die styl waarmee Jahwe vereer is. Jahwe is op gelyke voet met die Baäls vereer.

#### 4.2.3 Jahwe se *bruidskat* as “*challenge*” binne die status- / skandekultuur.

Die huweliksgeskenke wat Jahwe in 2:21-22 aan Israel belowe, dien as *challenge* aan die volk om na Hom terug te keer as die Een wat Homself vir ewig aan hulle verbind.<sup>476</sup>

Dit dien ook as “koopsom” om sy *bruid* terug te koop. Die onus is volledig op Israel om hierdie “oervloedige” aanbod te aanvaar / van die hand te wys.

Dit is juis in hulle interaktiewe kontak met mekaar dat die huweliksgeskenke / terme ‘n bepaalde betekenisnuanse dra. Die “geskenke” word saam met die voorvoegsel ב (pretii) gebruik wat in die taal van die huweliksreg die מָהָר inlei (2 Sam 3:14). Dit het gewoonlik 50 sikkels silwer beloop (Deut 22:29). Deur die voorstelling van Jahwe se bruidsgeskenke beëindig Hosea die gelykenis en spreek hy daardie werklikheid aan wat noodsaaklik is vir die lewe van die volk. Die vyf woorde / konsepte dien as waarborg vir die

---

<sup>475</sup> Vgl Ekskursus by Hoofstuk 3.5 hierbo.

<sup>476</sup> Vgl 6.2 by Hoofstuk 3.1 hierbo.

onvernietigbaarheid van die gemeenskap tussen Jahwe en Israel.<sup>477</sup>

Die sinonieme parallellismes waarbinne die terme figureer, dien om die aard van die "huweliksverbintenisse"<sup>478</sup> tussen Jahwe en Israel te kwalifiseer.

Hierdie woorde word aangewend op dieselfde betekenisvlak en bepaal mekaar se betekenis.

#### 4.2.4 Israel se terugkeer as *response* op Jahwe se liefde.

Israel se *response* op Jahwe se *challenge* is שׁוּב (bekering) - die beginpunt van die terugkeer na Jahwe.<sup>479</sup> Dit word voorafgegaan deur 'n woestyntyd as verootmoedigingstyd.<sup>480</sup> Dit bou op deur die soeke na Jahwe tot die *met siddering benadering* van Jahwe. Dit impliseer dus doelgerigte optrede deur die volk.

#### 4.2.5 Die erkenning van Jahwe as verbondsherstel.

Die hoogtepunt van die klag teen Israel is dus dat sy die Baäls vereer het as haar minnaars / die wat sy liefhet / die wat haar versorg, en dat sy Jahwe misken het.

---

<sup>477</sup> Vgl Wolff 1978:52-53.

<sup>478</sup> אָרֵשׁ Pi beteken "om jou te verloof", "om iemand tot vrou te neem" (Koehler, Ludwig; Baumgartner, Walter; Richardson, M.E.J. (tr.), *The Hebrew & Aramaic Lexicon of the Old Testament, CD-ROM Edition*, (Leiden, The Netherlands: Koninklijke Brill, NV) 1994-2000). Vgl ook Kühlewein 1971a:240-242.

<sup>479</sup> Vgl Opsomming by Hoofstuk 3.2 hierbo.

<sup>480</sup> Vgl 5.1 by Hoofstuk 3.1 hierbo.

Die resultaat van die nuwe verbintenis (huwelik), is dat Israel Jahwe sal *erken* (וידע אתיהוה)<sup>481</sup>. In terme van die huweliksteminologie is "erkenning van Jahwe", die "lewe voor sy aangesig" en "liefde wat op Hom georiënteer is" die hoogtepunt van die huweliksluiting. Dit is dan ook die begin van verbondsherstel.

#### 4.2.6 Kwesbaarheid en medelye as dryfkrag vir Jahwe se getrouheid.

Een van die besondere dieptepunte in die Jahwe-Israel verbondverhouding, is die openbaring van Jahwe se diepste motivering vir sy voortgesette bemoeienis met Israel in Hosea 11:8-9. Deur sy *hart* bloot te lê, wys Hy dan ook wat die ware inhoud van אהב (liefde) is. Sy hart is *omgekeer* (*kwesbaar*) en vol *medelye*. Dit is die diepste rede vir sy getrouheid aan sy verbond, soos ook verwoord in die מהר in Hosea 2:21-22.<sup>482</sup>

---

<sup>481</sup> Die וידע אתיהוה (erkenning van Jahwe) is saam met ונחידה לפני (die lewe voor Jahwe se aangesig) en bha (liefde), die kern-begrippe waaromheen die aanverwante begrippe gebou is (vgl Fig 1-5 hierbo).

<sup>482</sup> Vgl Opsomming by Hoofstuk 3.1.

### 4.3 Die betekenisnuanses van die besproke verhoudingswoorde

Die besproke verhoudingswoorde זנה, שוב, ידע, רחם, חסד, אמת, משפט, צדק, אהב het in hulle interaktiewe kontak<sup>483</sup> en kombinasies verskeie betekenisbeladings soos aangedui.<sup>484</sup> Opsommenderwys kan die volgende interaktiewe betekenis aangedui word:

**חסד** : dit is 'n verbondsbegrip wat as huweliksgeskenk aangewend word in 2:22, waar dit die betekenisnuanse het van *verbondsliefde*, vanweë die sinonieme parallisme met **רחם** (ontferming / barmhartigheid).<sup>485</sup> Hierdie woordpaar se betekenis word in 2:22 ook bepaal deur **צדק** en **משפט**. In 4:1 en 6:4,6 dui dit ook op *verbondsliefde*.<sup>486</sup> In 6:6 word die term as sinoniem met **ידע** (erkenning van God) gebruik. Dit gee dus daar aan *verbondsliefde* die betekenisnuanse van *toewyding*.<sup>487</sup>

**רחם** : Saam met **חסד** (verbondsliefde) in 2:21 het die term die betekenis van *barmhartigheid*. In 2:6,25 het dit die algemene betekenis van *omgee / ontferm*.<sup>488</sup>

---

<sup>483</sup> Vgl die besprekings van Figure 1-5 hierbo by 1 *Interaktiewe kontak*.

<sup>484</sup> Vgl die grafiese uitbeeldings daarvan by Figure 1-5 hierbo en Figuur 6 hieronder.

<sup>485</sup> Vgl Hoofstuk 3.1 en Figuur 1 hierbo.

<sup>486</sup> Vgl Hoofstukke 3.2 en 3.3 asook Figure 2 en 3 hierbo.

<sup>487</sup> Vgl Hoofstuk 3.3 en Figuur 3 hierbo.

<sup>488</sup> Vgl Hoofstuk 3.1 hierbo.



**יָדַע** : Die woord word hoofsaaklik gebruik vir die verlangde *respons* van Israel op Jahwe se liefde. In 2:10; 4:1; 5:4 en 11:3 dui dit op *erkenning aan Jahwe* vir sy liefde.<sup>489</sup> In 5:3 beteken dit *om te ken* en in 4:6 dui dit op *kennis* (wat die priesters moes oordra). In 6:3,6 is die betekenisnuanse toewyding aan God (parallel met **חֶסֶד** [verbondsliefde] in 6:6).<sup>490</sup>

**צֶדֶק** : As deel van die **מֵהָרַ** in 2:21 dra die woord as woordpaar met **מִשְׁפָּט** en parallel tot **חֶסֶד** (verbondsliefde) en **רַחֵם** (barmhartigheid), die betekenisnuanse van *bedagsaamheid*.<sup>491</sup>

**מִשְׁפָּט** : Saam met term **צֶדֶק** (bedagsaamheid) in 2:21, beteken die woord hier *regverdigheid*.<sup>492</sup>

**אֱמֶת** : Die woord staan parallel tot **חֶסֶד** (lojaliteit) en **זַעַת אֱלֹהִים** (erkenning van Jahwe) in 4:1. Dit beteken dan *verbondstrou*.<sup>493</sup>

**אָהַב** : As imperatief in 3:1 beteken die term *bemin*. Aan die einde van 3:1 word dit die term wat God se *liefde* teenoor Israel beskryf. Dit word 'n term wat

<sup>489</sup> Vgl Hoofstukke 3.1, 3.3 en 3.5 asook Figure 1,3 en 5 hierbo.

<sup>490</sup> Vgl Hoofstuk 3.4 en Figuur 4 hierbo.

<sup>491</sup> Vgl Hoofstuk 3.1 en Figuur 1 hierbo.

<sup>492</sup> Idem.

<sup>493</sup> Vgl Hoofstuk 3.3 en Figuur 3 hierbo.

*lewensoriëntasie* beskryf.<sup>494</sup> In 11:1 word dit terugskouend met *liefde* vertaal as term wat al Jahwe se versorgingshandelinge jeens Israel saamvat.<sup>495</sup> Binne dieselfde semantiese veld verryk die terme **הפך** (omgekeer / kwesbaar) en **כמר** (medelydend) in 11:8 die term **אהב**.<sup>496</sup> Jahwe se *liefde* as lewensoriëntasie op Israel is derhalwe in sy diepste wese *kwesbaar* en *medelydend* van aard.

**שוב** : As verhoudings- / verbondsterm dui die woord die *terugkeer* van Israel na Jahwe aan in 2:9,11; 5:4; 6:1 en 11:5.<sup>497</sup> In 3:5 is die term deel van 'n voortsrydende parallellisme met **בקש** (soek) en **פחד** (met siddering benader) van Jahwe.<sup>498</sup> Dit dui dus die begin van die proses terug na Jahwe aan. Dit beteken *om jou lewensoriëntasie te verander*. As sulks is die resultaat dan *liefde*. In 11:9 dui die term die *terugkom* van Jahwe na Israel aan.<sup>499</sup>

**זנה** : Die term dui die verbondsontrou van Israel aan. As algemene term vir ontrou beteken die woord in 2:4,6,7; 3:3; 4:10,12,13,15,18 hoerery / promiskuiteit.<sup>500</sup> In sy

---

<sup>494</sup> Vgl Hoofstuk 3.2 en Figuur 2 hierbo.

<sup>495</sup> Vgl Hoofstuk 3.5 en Figuur 5 hierbo.

<sup>496</sup> Idem.

<sup>497</sup> Vgl Hoofstukke 3.1, 3.3, 3.4 en 3.5 asook Figure 1,3,4 en 5 hierbo.

<sup>498</sup> Vgl Hoofstuk 3.2 en Figuur 2 hierbo.

<sup>499</sup> Vgl Hoofstuk 3.5 en Figuur 5 hierbo.

<sup>500</sup> Vgl Hoofstukke 3.1-3.3 asook Figure 1-3 hierbo.



intensiewe vorm in 4:18 beteken dit *om versot te wees op erotiese passie*.<sup>501</sup> Dit dui dan die intensiteit van Israel se ontrouheid aan. As huweliksterm word dit in 4:13 saam met die tegniese term vir owerspel (נאף) gebruik.<sup>502</sup> In 4:12 en 5:4 word aangedui dat dit wat Israel tot ontrou gedryf het, 'n רוח זנונים (gees van owerspel) was, of dalk dat Israel se זנה en נאף aanleiding gegee het tot רוח זנונים (gees van promiskuïteit).<sup>503</sup>

#### 4.4 Drie sentrale terme as dieptepunt van verbondsharmonie

Figuur 6 hieronder dui opsommenderwys die interaktiewe verbindings tussen die nege kernwoorde wat vir die doel van hierdie studie gekies is aan, saam met hulle verwante woorde soos dit in die eksegesi by Hoofstukke 3.1-3.5 en in Figure 1-5 hierbo uitgewys is. Daar het drie sentrale terme na vore gekom wat gemeenskaplike nuanses het vanuit die interaktiewe kontak met die gemeenskaplike woorde waarmee daar kontiguiteit aangedui is. Die drie terme is naamlik אהב (liefde as lewensorientasie), ידע (erkenning van Jahwe se sorg) en חיה לפני (lewe voor sy aangesig). Dit beteken nie dat hierdie gemeenskaplike woorde dieselfde betekenis het nie, maar dat hulle wel ter bevestiging van die tesis van hierdie studie, in

---

<sup>501</sup> Vgl Hoofstuk 3.3 hierbo.

<sup>502</sup> Idem.

<sup>503</sup> Idem.



hulle samehang 'n bepaalde betekenisnuanse dra. Die gesamentlike drakrag van die woorde het naamlik verhoudingsharmonie ten doel.

Jahwe word dus in die boek Hosea beskryf as die Enigste tussen die gode (*polemic monolatry*)<sup>504</sup> - die Heilige God wat in sy versorgende liefde medelydend en kwesbaar is. Deur sy ewige verbonds*commitment* tot bedagsaamheid en regverdigheid, genade en barmhartigheid, daag Hy sy kinders deur beproewings (woestyntyd) uit om hulle te bekeer van hulle huwelikssontrou en om aan Hom die eer en erkenning, die liefde en toewyding te gee wat Hom toekom. Dan sal daar verbondsharmonie plaasvind en sal hulle in veiligheid woon.

---

<sup>504</sup> Vgl 2 by Hoofstuk 2 hierbo.



Figuur 6:

**Gedeelde betekenisnuanse agv  
interaktiewe kontak:**  
Verbondsharmonie vind plaas waar  
daar *erkenning van Jahwe* se sorg  
is, *liefde* as *lewensoriëntasie* tot  
Jahwe gerig is, en 'n lewe voor sy  
*aangesig* (in sy teenwoordig-heid).

